# PSALM 27

```
        G            C       G              D
1.      Yahweh my lig, my heil; ek sal nie vrees nie;
                            A               D
        Hy is Yahweh wat hulp verskaf in nood,
        G            C           G                    D
        my lewenskrag, ‘k hoef nie vervaard te wees nie,
        G             C      D                  G
        want by Yahweh is uitkoms teen die dood.
        G              C       G          D
        Dus bring ek nou my offers van geklank,
                               A                D
        en sing, Yahweh, aan U ‘n psalm van dank.
        G              C         G                 D
        Hoor dan my stem wanneer ek tot U luid roep,
        G             C     D                G
        wees my genadig tog en antwoord my.

        G         C       G              D
2.      Al is my hart omring deur donkerhede,
                              A               D
        soek ek U Yahweh, bron van lig en krag.
        G            C     G               D
        Ek soek  U aangesig in my gebede;
        G            C       D             G
        verberg dit nie wanneer ek op U wag.
        G            C       G             D
        Wys tog U kneg nie af, dat ek, o Yahweh,
                             A             D
        die glans van U genade nooit ontbeer.
        G         C         G               D
        U is my hulp, Yahweh van heil op wie
        G           C        D                G
        ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!

        G              C      G            D
3.      Verlate~is ek van vader en van moeder;
                             A                  D
        tog weet ek seker: Yahweh neem my aan.
        G          C        G                D
        U is, Yahweh, my Vader en Behoeder,
        G            C      D             G
        wat my wil leer om op U weg te gaan.
        G            C          G          D
        Wil my dan langs die regte paaie voer,
                            A              D
        omdat verspieders op my gange loer.
        G            C     G            D
        Verlos my van ‘n wrede teenparty
        G          C       D            G
        en wil my van die valse tong bevry.
```

```
        G       C        G            D
4.      As ek op aard, deur soveel smart omgewe,
                        A            D
        omring deur droefenis en dood en rou,
        G          C     G           D
        nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe
        G       C        D              G
        die goeie van Gods hand nog sal aanskou,
        G         C    G          D
        dan het ek lankal in my druk versmag.
                          A              D
        Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
        G          C     G              D
        Yahweh sal hoor en op jou roepstem merk,
        G         C       D           G
        Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.
```